# VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID deur die raad van direkteure

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie geïntegreerde jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet), op die lopendesaak-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun. Die finansiële state is onder toesig van die hoof finansiële beampte (HFB), Neville Williams GR(SA) opgestel.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die Remgro groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state. Die direksie bevestig ook sy voldoening aan die Maatskappywet en die akte van oprigting van die maatskappy vir die verslagdoeningstydperk.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Remgro-groep se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling nie, te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die Remgro-groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., geouditeer aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag soos uiteengesit op bladsy 11 van die omvattende finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Geteken namens die raad van direkteure.

**Johann Rupert**
*Voorsitter*

**Jannie Durand**
*Hoofuitvoerende beampte*

Stellenbosch
20 September 2023

# VERANTWOORDELIKHEIDS-verklaring van die HUB en HFB

Elkeen van die direkteure, wie se name hieronder genoem word, bevestig hiermee dat:

- die finansiële jaarstate, soos uiteengesit op bladsy 20 tot 130 van die omvattende finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, in alle wesentlike opsigte, ingevolge IFRS, 'n billike voorstelling is van die finansiële posisie, finansiële prestasie en kontantvloei van die uitreiker;
- na ons beste wete en oortuiging, geen feite weggelaat, of onware verklarings gemaak is, wat die finansiële jaarstate vals of misleidend kan maak nie;
- interne finansiële beheermaatreëls in plek gestel is om te verseker dat wesentlike inligting met betrekking tot die uitreiker, en sy gekonsolideerde filiale, verskaf is in die effektiewe voorbereiding van die finansiële state van die uitreiker;
- die interne finansiële beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is en op gereken kan word in die samestelling van die finansiële jaarstate, en dat ons ons rol en funksie as uitvoerende direkteure met primêre verantwoordelikheid vir implementering en uitvoering van beheermaatreëls, nagekom het;
- waar ons nie tevrede was nie, het ons aan die oudit-en-risikokomitee en die ouditeure enige tekortkominge in die ontwerp en operasionele doeltreffendheid van interne finansiële beheermaatreëls, geopenbaar en stappe gedoen om tekortkominge reg te stel; en
- ons is nie bewus van enige bedrog waarby direkteure betrek word nie.

**Jannie Durand**
*Hoofuitvoerende beampte*

**Neville Williams**
*Hoof finansiële beampte*

Stellenbosch
20 September 2023